**Sondag 6 Oktober**

| **Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14** | **Fokusgedeelte: Esegiël 37:12, 13** |
|---|---|

## Doodsbene word lewendig

In 586 vC het Nebukadnesar Juda weggevoer na Babilonië. Hulle het gedink dit is klaar met hulle!

In 'n pragtige visioen sien Esegiël egter die stoflike en geestelike herstel van die volk van God. Die Here maak dit wat dood is, lewendig. Dit bly die wonder wat veelkleurig dwarsdeur die Bybel op talle maniere uitgespel word.

Dit het by die skepping gebeur (Gen. 1), maar die heerlikste openbaring van die mag van God beleef ons in die dood en opstanding van Jesus Christus (Joh. 10:17). Waar ons aan Christus verbonde is, het hierdie wonder op 'n besondere wyse ook deel van ons lewe geword. Ons was van nature geestelik dood, maar God het ons lewendig gemaak (Eseg. 36:25-27; Ef. 2:5).

Die Heilige Gees bewerk hierdie lewe deur die Woord van God. Deur getrou Bybelstudie te doen, groei die wonder van geestelike lewe in ons. So word jy al meer en meer diensbaar aan God en mens (Eseg. 47:12; Joh. 15:5).

*Sing: Psalm 33-1:5, 11*

*Dagstukkie Almanak 2006*